

## Wjekom, vrinne!

Dis merkwaardig hoe 'n kind soms dwarsdeur 'n grootmens se onbeholpenheid kan kyk en dan boonop vir baie jare lank presies kan onthou wat hy gesien het.

Van een van my skoolmaters van weleer het ek die volgende stukkie gekry oor 'n oom wat vir ons al twee geen vreemdeling was nie. Maar voor ek daarby kom, net eers 'n agtergrondsfeitjie:

Om in die suidelike dele van Suidwes 'n geskikte plek te kry waar die mense kan bymekaarkom vir Geloftefees, was nog altyd 'n moeilike ding.

Daar is bome. Maar om bome te kry wat bymekaar staan, is nie so maklik nie. Daarom het jy vandag nog feeskomitees wat rondval van die een plaas na die ander en van die een kolletjie koeltebome na die ander, sonder dat die ideale plek seker ooit gekry sal word – behalwe as die mense wat so baie ver van die dorpe af bly, dan ook maar suintoe sal ry, waar daar darem 'n kerkgebou of die een of ander saal is.

Maar so gebeur dit dan dat daar in die vroeër dae eenkeer fees gehou word op 'n sekere oom se plaas, en dat die feeskomitee uit dankbaarheid vir die bome dié oubaas vra om op die feesmôre die mense welkom te heet.

En toe val hy daar weg. Ek bedoel: soos my oplettende skoolmaat die verwelkoming onthou het:

Geagte Voorsitter en Feesgenote!

Ek dink die eerste man vir wie ons almal ve'môre wil sê: Hârtlik wjekom hier, is vir ons voorsitter. Wat sil 'n fees tog wees sonner sy voorsitter? Hy lei en hy gaan voor

en hy sorre lat dit gesond gaan met die fees. Daarom: Hartlik wjelkom, meneer die voorsitter.

En ons wil ok sê vir jou vrou: Baie, baie wjelkom. Wat is 'n man tog sonner sy vrou by die fees? Mevrouw – amper sê ek: Anna – báie dankie lat u ons voorsitter bygestaan het en hom gehjelp het met die reëlings saam dwarsdeur die hele jaar. Ons is dankbaar lat ons voorsitter so 'n vrou het en lat u ve'môre hier is.

En vir u kinnners, geagte voorsitter en mevrou vannie voorsitter, sê ons ok baie wjelkom hierse.

'n Ouer is nou eenmaal só: As sy kinnners onner sy oge uit is, dan is hy onrustig. Ons is bly lat julle hier is, kinnners. Nou kan julle-se ouers al hulle-se tyd vir die fees gjee. Baie wjelkom.

En dan wil ek sê: Baie wjelkom vir die feeskomitee. As daar één man in hierie omgewing is wat weet hoevéél hierie komitee gesoek het vir 'n feesplek, dan is dit ek. Want dis ek wat vir hulle uiteindelik, toe hulle vir hulle óp gesoek het vir 'n feesplekkie vir ve'jaar, gesê het: Maar hier staan dié klompie bome, en hulle gôi hulle-se koelte verniet.

Baie wjelkom dan onner hierie einste bome! En Dominies, baie wjelkom hier.

U het gisteragtermiddag alreeds die openingsgebed gedoen, en gistraand die kampfodsdiens gelei, en ve'môre die vroe-biduur, en vandag hou u nog die twee dienste en die twee toesprake. Daarom wil ek sommer vooraf ok sê: Baie dankie vir die boodskappe. Maar dis nie my werk om dankie te sê nie, dis my werk om te sê: Baie wjelkom, en daarom sê ek: Baie wjelkom. Die dankie sil 'n spesiale woord aan die einde wees. Baie wjelkom.

En mevrou Dominies – ons weet Dominies sal gewonner het en ons sal algirs gewonner het hoelat dit met Mevrou saam gaan as sy nie hier was nie. Daarom sê ons vir haar: Báie, báie wjelkom hier.

En vir u kinnners, Dominies en mevrou Dominies, baie wjelkom. Ons hoop u seunskinnners word almal predikante. En ons hoop een van hulle kom hou eendag hier fees – solat van hierie jong maters van hulle wat ve'dag hier sit, nog vir darie een kan sê: Jou oorlidde pa het hier fees gekom hou en dááruit en dááror het hy nog gepreek en gepraat.

Baie wjelkom, kinnners. Ook julle se meisiekinnners, Dominies en mevrou Dominies, amper vergeet ek vir hulle – baie wjelkom.

En vir die vaders en moeders van ons omgewing: Baie wjelkom. Baie dankie lat julle julle-se oumense saambring het – dies van hulle wat nog lewe.

En baie dankie lat julle die jongmense saambring het en hulle nie by die huis gelos het nie.

Vir die oumense wil ek sê: Baie wjelkom. Dáár sien ek vir oom Hans en vir oom Klaas. En kyk hoe sit al die anner ve'môre hier – honger vir die fees. Baie wjelkom.

Vir die jong pa's en die jong ma's sê ek baie wjelkom. Laas jaar was partys van hulle nog jongmense wat alleensam hier gesit het; ve'jaar is hulle al paens en maens. Baie wjelkom.

En dies wat nog nie paens en maens is nie, ok baie wjelkom. Ons hoop julle is vollene jaar meer!

En vir die jongmense wat nog nie getroud is nie, baie wjelkom. Julle-se beurt om met julle-se hele gesinne hier te kom feesvier, is net om die draai. En vir die jonger

jongetjiemense en die meisiekinners, wat algirs so gaan koffiewater haal daar by die windpomp – baie wjelkom.

En dan sien ek hier ok heelparty vreemde gesigte. Dis vir hulle wat ons hier wil hê solat onse fees kan groei. Baie wjelkom. Ek hoop u almal bring alle nuwe intrek-kers en kuiermense en nog sommer hulle-se families ok saam hier na die fees toe.

En vir die mense wat nou net daar stilgehou het en wat dalk nog nie hier sal wees wanneer ek klaar gepraat het nie, en vir dié wie se stof doer in die pad uitslaan – baie wjelkom. Sê tog vir hulle so as hulle hier aankom.

En dan die ou kinnertjies – dietjies wat hier sit en dietjies wat doer eenkant speel – baie wjelkom, Oom se kinnners.

En vir die ou héél kleintjies – al verstaan hulle nog nie eers nie – baie wjelkom. Hulle is die volk van oormôre wat ve’dag hier bymekaar is.

Vertel tog vir hulle wanneer hulle tot hulle-se verstand gekom het.

Ek hoop nie die wind is ve’dag vir hulle té warm nie. Is hier iemand wat ek nie wjelkom geheet het nie?

Vir myself sê ek nie wjelkom nie; dis my eie plaas waar ek hier op is.

En vir die ou vrou sê ek ok nie wjelkom nie; ons is binne gemeenskap van roerende en onroerende goed getroud. Dis haar plaas soveel as wat dit myne is. Sy is hier net so wjelkom soos ek. En ons al twee vóél hier wjelkom, anders sou ons nie hier gewees het nie.

Geagte Voorsitter, net finaal vir almal ve’dag hier: Baie wjelkom. En baie dankie, meneer die voorsitter, lat ek die mense hier kon wjelkom geheet het. Ek hoop hulle voel